

Voordele vir geestesgesondheid



medihelp

12⁺
JAAR

Medihelp bied voordele vir die behandeling van verskeie gediagnoseerde geestesgesondheidstoestande deur psigiaters en sielkundiges.

Dit is belangrik om te onthou dat jy voorafgoedkeuring vir hospitalisasie moet kry om 'n 20%-bybetaling te vermy. Om ander bybetalings te vermy, moet jy 'n netwerkspesialis vir VMV-dienste gebruik. Die lys van netwerkspesialiste is by www.medihelp.co.za onder Soek 'n verskaffer beskikbaar.

As jy met depressie gediagnoseer is, moet jy vir ons Geestesgesondheidprogram registreer. As jy aan die program behoort, sal jy 'n voordeelbedrag (afhangend van jou plan en onderhewig aan die inhospitaal-limiet) ontvang vir dienste gelewer deur 'n psigiater, sielkundige, maatskaplike werker, arbeidsterapeut en psigiatryse verpleegster. Jy sal ook 'n voordeelbedrag (afhangend van jou plan en onderhewig aan die inhospitaal-limiet) per maand vir medisyne ontvang.

'n Bybetaling van 35% geld van MedMove!, MedVital Elect, MedAdd Elect, MedReach en MedPrime Elect lede wat vrywillig in 'n hospitaal buite die netwerk opgeneem word. Lede van MedMove! het 'n bykomende bybetaling van R1 805 vir alle nie-VMV-hospitaelopnames.

As jy 'n lid van MedPrime, MedElite en MedPlus is, kry jy ook een konsultasie per bevoordeelde per jaar met 'n opvoedkundige sielkundige vir die behandeling van outisme, onderhewig aan die inhospitaal-limiet.

Opsomming van voordele

	Psigiatryse behandeling van 'n geestesgesondheidstoestand Onderhewig aan voorafgoedkeuring, protokolle en dienste gelewer in 'n goedgekeurde of netwerkhospitaal/-fasiliteit en deur 'n mediese dokter voorgeskryf	Kliniese sielkunde binne en buite die hospitaal	Psigiatryse verpleging binne en buite die hospitaal
Alle planne	• Professionele dienste binne en buite die hospitaal deur 'n psigiater gelewer en buitepasiëntkonsultasies • Verblyf in 'n algemene saal en medisyne verskaf tydens behandeling in die fasiliteit VMV-dienste: 100% van die koste Nie-VMV-dienste: 100% van die Medihelp-tarief (onderstaande voordele geld)	100% van die Medihelp-tarief	100% van die Medihelp-tarief

»MedMove!	100% van die koste Slegs VMV's	Slegs VMV's	Slegs VMV's
⊕MedVital	Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste (in die hospitaal): R25 000 per bevoordeelde per jaar tot 'n maksimum van R38 200 per gesin per jaar Bybetaling vir hospitalisasie: R1 805 Voordele vir depressie buite die hospitaal: R3 150 per bevoordeelde per jaar R100 per maand vir medisyne		
MedAdd	Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste (in die hospitaal): R31 800 per bevoordeelde per jaar tot 'n maksimum van R43 800 per gesin per jaar Voordele vir depressie buite die hospitaal: R3 150 per bevoordeelde per jaar R100 per maand vir medisyne	Spaarrekening	Spaarrekening
MedSaver	Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste (in die hospitaal): R31 800 per bevoordeelde per jaar tot 'n maksimum van R43 800 per gesin per jaar Voordele vir depressie buite die hospitaal: R4 200 per bevoordeelde per jaar R130 per maand vir medisyne	Spaarrekening	Spaarrekening
MedReach	Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste (in die hospitaal): R25 200 per bevoordeelde per jaar tot 'n maksimum van R38 200 per gesin per jaar Voordele vir depressie buite die hospitaal: R3 150 per bevoordeelde per jaar R100 per maand vir medisyne	Jaarlikse dag-tot-dag-voordele	Slegs VMV's
MedPrime	Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste (in die hospitaal): R38 200 per bevoordeelde per jaar tot 'n maksimum van R51 500 per gesin per jaar Voordele vir depressie buite die hospitaal: R4 200 per bevoordeelde per jaar R130 per maand vir medisyne	Beskikbare dag-tot-dag-voordele	Beskikbare dag-tot-dag-voordele
MedElite	Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste (in die hospitaal): R46 400 per bevoordeelde per jaar tot 'n maksimum van R64 300 per gesin per jaar Voordele vir depressie buite die hospitaal: R5 250 per bevoordeelde per jaar R145 per maand vir medisyne		
MedPlus	Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste (in die hospitaal): R56 500 per bevoordeelde per jaar tot 'n maksimum van R76 900 per gesin per jaar Voordele vir depressie buite die hospitaal: R6 300 per bevoordeelde per jaar R170 per maand vir medisyne		

